Rapport

'n Franse stad verrys in die Kaap

2012-11-24 22:43

Karin Burger

Die “Middeleeuse stad” wat binne maande uit die
niet naby die wingerde van die bekende
Stellenbosse wynplaas Meerlust verrys het, het duisende pendelaars op die N2 tussen Kaapstad en Somerset-Wes al lank aan die wonder.

Diegene wat dink dit lyk soos die 13de-eeuse Franse stad Carcassonne is in die kol.

(Foto's deur Nasief Manie)

In Januarie kry dié stad boonop lewe wanneer dit deur “seerowers” oorgeneem word.

Dis alles ter voorbereiding van ’n Amerikaanse televisiereeks, die grootste nóg wat in Afrika gemaak is. Black Sails word vir die Amerikaanse private TV-netwerk Starz vervaardig en in dieselfde klas as die treffer-reekse Lost en ER gereken.



Nico Dekker, uitvoerende hoof van Cape Town Film Studios, het die afgelope week bevestig die ateljee speel gasheer vir dié reeks deur Michael Bay, wat ook die skepper van die flieks Armageddon en Transformers was. Bay is een van net ’n handjievol wie se fliek-skeppings al meer as $1 miljard (byna R9 miljard) by die loket verdien het.

Die verfilming van Black Sails begin in Januarie en daarvoor word ’n replika van die 13de-eeuse Middeleeuse stad Carcassonne in Frankryk gebruik wat vir ’n vorige fliek, Labyrinth, gebou is. Die grond vir die heuwel waarop dit gebou is, is binne nege dae gekompakteer, waarna die bouwerk aan die stad vier maande geduur het.

“Die verfilming van Black Sails kan tot 5 000 werkgeleenthede beteken oor ’n tydperk van vyf jaar,” sê Dekker.

“Ons het gou ’n reputasie in Hollywood opgebou dat ‘daai ouens in die Kaap vinnig werk’,” sê Dekker. “Gewoonlik sou dit so ses maande neem om so ’n stel te bou.”

Rolprentkenners uit Los Angeles het selfs al spesiaal na Suid-Afrika gereis om na die nuwe stel te kom kyk.

“Dis duidelik dat die Amerikaners baie vertroue in ons bedryf het as hulle hier kom verfilm. Suid-Afrika is immers van Los Angeles die verste produksieland ter wêreld.

“Maar ons is reg! Dis hierdie soort produksies wat die rolprentbedryf verander,” sê Dekker. Volgens hom word Kaapstad al hoe gewilder vir rolprentmakers van regoor die wêreld.

“Binne twee uur se ry uit die Moederstad kan jy enige wêrelddeel voorstel. Sou ons Frankryk soek, ry ons Franschhoek toe. Grabouw dien weer as Switserland. En die Weskus se duine word gesien as ’n woestyn.”

Cape Town Film Studios is in Desember twee jaar oud en 15 flieks is al hier gemaak.

“Volgens die Hollywood Reporter is ons een van die top-fasiliteite in die wêreld,” sê Dekker.